# BEDRYFSOORSIG - 2021/22
## LIMPOPO PROVINSIE

## GRAIN MANAGEMENT



AFGRI

# WÊRELDKLAS TEGNOLOGIE **VEILIGE BERGING**

**AFGRI Agri Services (Pty) Limited**
Tel: +27 11 063 2347 | E-mail: afgri@afgri.co.za
12 Byls Bridge Boulevard | Highveld Ext 73
Centurion 0157 | South Africa
Location | Latitude - 25°51′46.13″S | Longitude - 28°12′24.74″E

**www.afgri.co.za**

**AFGRI** – 'n Lid van AGH (AFGRI Group Holdings).

# INHOUDSOPGAWE


**BEDRYFSOORSIG** ____ 04
**DIENSLEWERING** ____ 04
**OPBERG-OOREENKOMS** ____ 04
**GRAANLEWERING OPDRAG** ____ 04
**WERKSURE** ____ 04
**DROGING VAN GRAAN** ____ 04
**DEURLUGTING VAN GRAAN** ____ 05
**VOGBASIS VAN GRAAN EN OLIESADE** ____ 05
**FISIESE VERLIES-AFTREKKING** ____ 05
**SKOONMAAK VAN GRAAN** ____ 05
**AFLAAI VAN VRAGMOTORS TYDENS OES INNAME** ____ 05
**VOORDELE OM GRAAN BY AFGRI SE BEDRYFSPUNTE TE BERG** ____ 06
**SILOSERTIFIKATE** ____ 06
**SILOKOSTE TARIEFSTRUKTURE VIR SOMERGRAAN** ____ 07
**DAGTARIEF** ____ 07
**SEISOENSTARIEF** ____ 08
**TARIEWE** ____ 08
**DEURVOERTARIEF TYDENS STROOPTYD** ____ 09
**ADDISIONELE KONTAKNOMMERS** ____ 09
**NOTAS** ____ 10

- Bemarking van Graan
- Voorseisoen kontrakte en Gelewerkde Kontrakte
- Minimumpryskontrakte
- Minumim - Maksimumpryskontrakte
- Uitgestelde - Prysingskontrakte
- Basiskontrakte
- Verhandeling op die Suid-Afrikaanse Termynmark

**OPSOMMING** ____ 15
**KONTAKNOMMERS EN GEBIEDE** ____ 16
**ADDISIONELE KONTAKTE** ____ 18
**LIMPOPO - BEDRYFSPUNTE** ____ 19

# LIMPOPO PROVINSIE

## BEDRYFSOORSIG

Elke bemarkingsjaar het nuwe uitdagings en AFGRI Graanbestuur sal soos in die verlede daarna streef om sy diensvlakke op 'n hoë standaard te hou en sodoende verseker dat produsente hul oes met die minste ontwrigting by bedryfspunte kan lewer. Landbouproduksievooruitsigte lyk positief danksy verhoogde aanplantings en gunstige weersomstandighede vir die somer-oesproduksieseisoen in 2020/2021. Sedert die 2014 seisoen was daar 'n swaai van mielies na sojabone. Hierdie tendens blyk voort te duur met die aantal olieperse wat opgerig word. AFGRI Graanbestuur moet hom dus so posisioneer dat die groter volumes sojabone vinnig en effektief by silo's ontvang en opgeberg kan word.

## DIENSLEWERING

Die dienste wat AFGRI Graanbestuur by bedryfspunte aanbied is daarop gemik om risiko's uit die produsente se hande te neem. Wanneer graan genoegsaam op die lande afgedroog het, is dit uiters noodsaaklik om die graan so vinnig moontlik vanaf die land veilig by 'n bedryfspunt gelewer te kry. Hierna neem AFGRI Graanbestuur alle risiko's rakende kwaliteit en kwantiteit oor en die produsent kan dan na gelang van marktoestande besluit wanneer en hoe om sy produk te bemark.

## OPBERG-OOREENKOMS

Klante moet daarop let dat daar vooraf by die betrokke bedryfspunt waar die graan opgeberg word, 'n opbergooreenkoms onderteken moet word. Dit is in klante se eie belang dat die ooreenkoms onderteken word om sodoende die kliënt se belange te beskerm.

## GRAANLEWERING OPDRAG

Om seker te maak dat produsente se graan op die korrekte kontrakte gelewer word, is dit uiters belangrik dat met elke vrag aangedui word op watter kontrak die betrokke vrag gelewer moet word. Die nodige dokumentasie is by bedryfspunte beskikbaar.

## WERKSURE

Verlengde ure sal tydens die oes-innametydperk gewerk word om produsente in staat te stel om hul oes vinnig te stroop en te lewer ten einde risiko's te verminder.

## DROGING VAN GRAAN

Silo's wat oor droërs beskik sal mielies tot en met 16% vog kan droog. In gevalle waar die vog tussen 16% en 17% is, kan 'n spesiale reëling met die bestuurder getref word. Hierdie reëling kan getref word indien omstandighede dit toelaat.

## DEURLUGTING VAN GRAAN

Daar sal vanjaar waar deurlugtingsbuise beskikbaar is en die kapasiteit dit toelaat, graan teen hoër vog as die vogbasis van die onderskeie gewasse ingeneem word. Hierdie aksie kan vir produsente tot voordeel we es om hul graan vinniger van die lande af te kry. Hierdeur word die risiko uit die klant se hande geneem. Die koste vir hierdie diens sal R 19.03/ton beloop.

## VOGBASIS VAN GRAAN EN OLIESADE

**Die vogbasis van graan en oliesade is as volg:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Sonneblom:** | 9.0% | - | 10.0% |
| **Mielies:** | 12.5% | - | 14.0% |
| **Sojabone:** | 12.0% | - | 13.0% |
| **Sorghum:** | 12.5% | - | 14.0% |

Waar omstandighede dit toelaat en droërs beskikbaar is, kan die sojabone teen 'n maksimum vog persentasie van 14% ingeneem word om gedroog te word. Hierdie is nie 'n algemene reëling nie en die betrokke silobestuurder sal sodanige besluit in samewerking met sy/haar streeksbestuurder neem. Hierdie aksie kan slegs plaasvind indien omstandighede en aktiwiteite by die betrokke silo dit toelaat.

## FISIESE VERLIES-AFTREKKING

**Die fisiese verlies-aftrekking op produkte is as volg:**

| | |
|---|---|
| **Sorghum:** | 1.75% |
| **Mielies:** | 0.97% |
| **Sojabone:** | 0.47% |

## SKOONMAAK VAN GRAAN

Indien klante 'n behoefte het om graan skoon te maak kan daar met die betrokke bedryfspunt in verbinding getree word om die nodige reëlings te tref.

## AFLAAI VAN VRAGMOTORS TYDENS OES INNAME

Daar sal vanjaar weer personeel beskikbaar gestel word om tydens die oestyd met die aflaai van vragte behulpsaam te wees. Daar word vertrou dat hierdie diens, soos in die verlede, van groot waarde vir klante sal wees.

# LIMPOPO PROVINSIE

## VOORDELE OM GRAAN BY AFGRI SE BEDRYFSPUNTE TE BERG

**Daar kan tereg deur produsente gevra word wat se voordeel dit vir hulle inhou om hul graan by AFGRI op te berg. Enkele voordele wat dit vir die produsent inhou word hieronder uiteengesit:**

- Verskillende grade en kwaliteit kan afsonderlik opgeberg word.
- Gekwalifiseerde graangradeerders is verantwoordelik vir die gradering van graan.
- Ontvangs en versending van graan word deur middel van geykte massameters gedoen.
- Graan word met ontvangs berook.
- Kwaliteit en kwantiteit word gewaarborg. Klante kry dus dieselfde kwaliteit en kwantiteit graan terug, ongeag die tydperk van berging.
- Silosertifikate kan aangevra word (dit sluit SAFEX- en elektroniese sertifikate in) om graan vinnig en effektief te bemark.
- Voorraad inligting kan via die internet verkry word.
- Konsolidasies van voorrade by strategiese bedryfspunte kan gedoen word waar omstandighede dit toelaat.
- Geleenthede vir voorraadruilings kan strategies benut word. (AFGRI se administrasie kan klante deurgaans teen baie mededingende tariewe en tot voordeel van die klant hiermee behulpsaam wees).
- Voorraad bevestiging per e-pos, in die formaat wat klante verlang, teen minimale tariewe.
- Nismark produkte kan afsonderlik opgeberg word. Daar is sekere protokolle wat gevolg moet word en hierdie inligting is op aanvraag beskikbaar.
- Graan kan versak word indien daar 'n behoefte is, en silo aktiwiteite en uitleg dit moontlik maak.
- Skoonmaak van graan kan op versoek gedoen word, byvoorbeeld die uitsif van skadelike sade.
- Graan kan op 'n deurvoer basis by silos hanteer word.
- Alle bedryfspunte voldoen aan die vereiste wetgewing vir voedselveiligheid.
- Kontrak administrasie.

## SILOSERTIFIKATE

AFGRI reik slegs elektroniese sertifikate uit wat deur Price Waterhouse Coopers namens Electronic Silo Certificates (Pty) Ltd (ESC) geadministreer word. Uitreikingskoste vir sertifikate beloop R 3.67/t, (BTW Uitgesluit), vanaf 1 Mei 2021.

In gevalle waar die graan gedroog word kan sertifikate eers uitgereik word nadat die drogings-proses voltooi is. Wanneer lae voorraadvlakke voorkom, kan dit by sekere bedryfspunte tot gevolg he dat berookte graan ook eers onder beroking uit moet wees voordat sertifikate uitgereik kan word.

## SILOKOSTE TARIEFSTRUKTURE VIR SOMERGRAAN

(2021/2022-BEMARKINGSEISOEN)

**Bemarkingsjare waarop tariewe van toepassing is:**

| | |
|---|---|
| **Sonneblom/Sojabone:** | 1 Maart tot 28 Februarie |
| **Mielies/Sorghum:** | 1 Mei tot 30 April |

Klante sal vanjaar weer die keuse tussen 'n dagtarief en seisoenstarief hê. Hierdie keuse kan per transaksie uitgeoefen word wat beteken dat klante met elke vrag wat gelewer word kan kies of dit op 'n dagtarief of seisoenstarief opsie gelewer word.

Klante moet 'n leweringsopsie saam met elke vrag wat gelewer word voorsien om die keuse van lewering te bevestig. Hierdie opsie per vrag word eenmalig uitgeoefen en geen regstellings sal na die tyd gemaak kan word nie. Hierdie is 'n belangrike keuse vir klante in hul bemarking strategie en daar word vertrou dat klante hierdie geleentheid tot hul eie voordeel sal benut.

Die hanteringstarief sal uit 'n in- en uithanteringsfooi bestaan. Die inhantering word gedebiteer teen die klante op wie se folio's die graan gelewer word. In gevalle waar produsente graan op hul eie opberg lewer, word die produsent met die inhantering gedebiteer. Wanneer produsente egter graan direk op 'n ander klant se opberg of kontrak lewer, word sodanige klant met die inhantering gedebiteer en nie die produsent nie.

## DAGTARIEF

**Klante wat van voorneme is om hul graan vir 'n kort tydperk op te berg, word aangeraai om van hierdie opsie gebruik te maak. Hierdie opsie bestaan uit die volgende komponente:**

# LIMPOPO PROVINSIE

**Inhantering:** Fakturering vind plaas aan die einde van die maand waarin die graan gelewer is.

**Opbergtarief:** Fakturering vind aan die einde van die maand plaas, bereken op daaglikse voorraad.

**Uithantering:** Fakturering vind plaas wanneer die graan uitgelaai word of met die uitreik van 'n SAFEX-sertifikaat.

## SEISOENSTARIEF

**Klante wat van voorneme is om hul graan vir 'n lang tydperk op te berg, word aangeraai om van hierdie opsie gebruik te maak. Hierdie opsie bestaan uit die volgende komponente:**

**Inhantering:** Fakturering vind plaas aan die einde van die maand waarin die graan gelewer is.

**Opbergtarief:** Die vaste opbergtarief word gefaktureer wanneer die graan uitgelaai word, oorgedra word na 'n ander klant of na 'n nuwe bemarkingseisoen of wanneer 'n elektroniese SAFEX-sertifikaat aangevra word.

**Uithantering:** Fakturering vind plaas wanneer die graan uitgelaai word of met die uitreik van 'n SAFEX-sertifikaat.

## TARIEWE (BTW UITGESLUIT)

| LIMPOPO | MIELIES R/T | GRAANSORGHUM R/T | SOJABONE R/T | SONNEBLOM R/T |
|---|---|---|---|---|
| In Hantering | 1,72 | 8,60 | 12,10 | 33,97 |
| Uit Hantering | 26,13 | 39,45 | 45,78 | 67,13 |
| Opberging (c/t/d) | 0,89 | 0,89 | 0,94 | 1,70 |
| Vaste Opberging | 120,67 | 120,67 | 124,47 | 151,74 |

## DEURVOERTARIEF TYDENS STROOPTYD

Daar sal weer vanjaar 'n deurvoertarief vir mielies by verskeie bedryfspunte beskikbaar wees vir klante wat 'n behoefte het om hul mielies tydens strooptyd aan afnemers te voorsien. Klante wat in hierdie diens belangstel moet voor die aanvang van die strooptyd met AFGRI in verbinding tree sodat die nodige administratiewe reëlings getref kan word. Die tarief vir hierdie diens beloop R 29.40/t, (BTW Uitgesluit), wat die in- en uithantering insluit. Hierdie is 'n spesiale kontrak en tariewe wat op ander kontrakte betrekking het, is nie op hierdie spesifieke kontrak van toepassing nie. Klante moet daarop let dat hierdie tarief slegs van toepassing is wanneer mielies by die eerste bedryfspunt op 'n deurvoerbasis hanteer word in die veronderstelling dat dit na 'n afnemer versend word en nie na 'n ander AFGRI bedryfspunt nie.

Graan versend van een AFGRI bedryfspunt na 'n ander AFGRI bedryfspunt.
**Wanneer graan van een AFGRI bedryfspunt na 'n ander AFGRI bedryfspunt versend word geld die volgende reëling:**

Wanneer graan aanvanklik by die eerste bedryfspunt ontvang word geld die toepaslike dag of seisoenstarief. Indien graan egter van die eerste bedryfspunt na 'n volgende bedryfspunt versend word, is 'n hanteringstarief van van R 32.66/t, (BTW Uitgesluit), by die tweede bedryfspunt van toepassing. Die toepaslike opbergtarief is verder van toepassing vir die tydperk wat die graan opgeberg word maar geen uithantering sal by die tweede bedryfspunt verhaal word nie.

## ADDISIONELE KONTAKNOMMERS

| VOORRAADNAVRAE | |
|---|---|
| **Koos Lombard** | 011 063 2124 |
| **Johan Swart** | 011 063 2244 |
| **Ferdie Venter** | 011 063 2130 |

| SERTIFIKATE | |
|---|---|
| **Thakgatso Shogole** | 011 063 2147 |
| **Tremaine Abrahams** | 011 063 2265 |

| SILOKOSTES EN OPBERGREKENINGS | |
|---|---|
| **Nico Henning** | 011 063 2786 |
| **Janine Swart** | 011 063 2125 |

| LAAI INSTRUKSIES | |
|---|---|
| **Leatitia Louw** | 011 063 2142 |

## NOTAS

### BEMARKING VAN GRAAN

Die ontwikkeling en implementering van ‘n bemarkingstrategie ondersteun volhoubare graanproduksie. ‘n Bemarkingstrategie neem die emosie uit bemarkingsbesluite om prys risiko te bestuur in’n volatiele graanmark.

**Die regte strategie**

Bemarking, met die uiteindelike doelwit om gemiddeld ‘n aanvaarbare prys vir die produk te behaal, behels deeglike beplanning. Verskeie bemarkingsstrategieë is beskikbaar vir produsente en dit is noodsaaklik dat alle opsies deeglik ontleed word om die beste strategie vir ‘n bepaalde boerdery saam te stel. Opsies wat gekies word vir die bemarking van grane, kan ook jaarliks wissel. ‘n Strategie wat een jaar suksesvol was kan verander word om by die markklimaat van die volgende jaar aan te pas.

**Beskikbare bemarkingsopsie**

Die volgende bemarkingsopsies is onder andere in die vrye mark beskikbaar vir die bemarking van graan:

- Voorseisoen kontrakte
- Vaste Pryse kontrakte
- Minimumpryskontrakte
- Minimum - Maksimumpryskontrakte
- Uitgestelde - prysingskontrakte
- Basiskontrakte
- Gelewerde kontrakte

### VOORSEISOEN KONTRAKTE

Voorseisoen kontrakte is deurlopend aan produsente beskikbaar voordat die gewas aangeplant word.

**Voordele**

- Voorseisoen kontrakte sluit in die opsie om by die silo sowel as by die meule te lewer.
- Prys van die kommoditeit is onmiddellik bekend. Beplanning rondom insetkoste kan uitgevoer word en krediet kan vroegtydig gereël word.
- Geen kapitaal word benodig om die kontrak op te stel of om waarborge te lewer nie.
- Die kontrak is bindend op beide die koper en verkoper.
- Prysrisiko kan effektief beheer word.

**Nadele**

- Die produk wat gekontrakteer is, moet gelewer word. Indien die beplande oppervlakte nie aangeplant kan word nie, sal dit beteken dat graan op die kontantmark aangekoop word om aan die kontrakvoorwaardes te voldoen.
- Net so kan droogte of te veel reën die opbrengs van gewasse benadeel. Sou produsente nie die kontrakverpligtinge kan nakom nie en die pryse van grane styg, kan dit produsente baie duur te staan kom om kontrakverpligtinge na te kom. Die feit dat kopers nie oor die algemeen die sogenaamde force majeure klousule in kontrakte byvoeg nie, verhoog die produsente se risiko.
- Indien pryse van grane styg nadat die kontrak aangegaan is, kan dit op papier verliese beteken. Dit is dus noodsaaklik om nie te veel graan voor plant te kontrakteer nie maar om eerder 'n gediversifiseerde bemarkingstrategie te volg.
- Dit is bykans onmoontlik om van kontrakte vrygestel te word na ondertekening daarvan. Indien die behoefte ontstaan om van kontrakte vrygestel te word kan dit gewoonlik teen 'n sekere koste geskied.

## VASTE PRYS KONTRAKTE

Dit is kontrakte wat beskikbaar is tydens stroop en lewering.

**Voordele**

- Die oesgrootte is bekend aan die produsent. Die risiko van wanprestasie word dus grootliks uitgeskakel.

- Risiko gekoppel aan force majeure is minimaal.
- Tydens lewering word die totale bedrag waarvoor grane gekontrakteer is, as 'n eenmalige bedrag aan die produsent oorbetaal. Indien 'n rentefaktor hieraan gekoppel word, kan dit voordelig wees om 'n gedeelte van 'n oes so te bemark.

**Nadele**

- Gedurende strooptyd is die volume van die nasionale oes reeds bekend aan kopers. Gevolglik is hierdie tipe kontrakte gekoppel aan die markprys van die spesifieke produk op daardie tydstip. Dit kan beteken dat in 'n oorskotjaar die prys ook baie laag kan wees.
- Die produk wat gekontrakteer is, moet gelewer word. Indien hael voorkom of baie nat toestande wat die strooproses vertraag, sal dit beteken dat graan op die kontantmark aangekoop moet word om aan die kontrakvoorwaardes te voldoen. Omrede kopers nie die force majeure klousule algemeen in tydens lewering kontrakte voeg nie, plaas dit 'n mate van risiko op die produsent..

## MINIMUMPRYSKONTRAKTE

Met die kontrak word 'n minimumprys aan die produk gekoppel.

**Voordele**

- Die produsent sal nie minder as 'n bekende minimum prys vir die produk betaal word nie.
- Indien pryse styg sal die koper die kontrakprys teen dieselfde tempo as markpryse aanpas.
- Indien graanpryse daal sal die produsent beskerm wees teen laer pryse.
- 'n Gedeelte van plantkoste kan alreeds met planttyd aan produsente oorbetaal word.
- Kontrakbestuur word deur die koper uitgevoer.
- Geen kapitaal word benodig om die kontrak op te stel of om waarborge te lewer nie wat bydra tot 'n positiewe kontantvloei vir die produsent.

**Nadele**

- 'n Opsiekoste kan aan die kontrak gekoppel word en sal vir die verkoper se rekening wees.

- Die produk wat gekontrakteer is, moet gelewer word. Indien hael voorkom of baie nat toestande wat die strooproses vertraag, sal dit beteken dat graan op die kontantmark aangekoop moet word om aan die kontrakvoorwaardes te voldoen. Omrede kopers nie die force majeure klousule algemeen in tydens lewering kontrakte voeg nie, plaas dit 'n mate van risiko op die produsent.

## MINIMUM - MAKSIMUMPRYSKONTRAKTE

'n Minimumprys asook 'n maksimumprys word aan die produk gekoppel.

### Voordele

- Die produsent sal nie minder as 'n bekende minimum prys vir die produk betaal word nie.
- Indien pryse styg sal die koper die kontrakprys teen dieselfde tempo as markpryse tot 'n maksimumprys aanpas.
- Indien graanpryse daal sal die produsent beskerm wees teen laer pryse.
- Kontrakbestuur word deur die koper uitgevoer.
- Geen kapitaal word benodig om die kontrak op te stel of om waarborge te lewer nie wat bydra tot 'n positiewe kontantvloei vir die produsent.

### Nadele

- 'n Opsie struktuurkoste kan aan die kontrak gekoppel word en is vir die verkoper se rekening.
- Die produsent sal nie meer as 'n bekende maksimumprys vir die produk betaal word nie.
- In sekere variasies van die minimum- en maksimumpryskontrak word die tonnemaat wat gelewer moet word verdubbel indien die SAFEX-prys op 'n spesifieke datum groter is as die maksimumprys soos gespesifiseer.
- Die produk wat gekontrakteer is, moet gelewer word. Indien hael voorkom of baie nat toestande wat die strooproses vertraag, sal dit beteken dat graan op die kontantmark aangekoop moet word om aan die kontrakvoorwaardes te voldoen. Omrede kopers nie die force majeure klousule algemeen in tydens lewering kontrakte voeg nie, plaas dit 'n mate van risiko op die produsent.

## UITGESTELDE - PRYSINGSKONTRAKTE

Met die kontrak kan 'n finale prys van die produk op 'n latere stadium bepaal word.

**Voordele**

- Die basis waarteen die produk geprys word is bekend.
- Die produsent is 'n markdeelnemer sonder dat marges betaal moet word.
- Indien pryse styg sal die koper die kontrakprys teen dieselfde tempo as markpryse aanpas.
- Stoorkoste word beperk.
- Kontrakbestuur word deur die koper uitgevoer.
- Geen kapitaal word benodig om die kontrak op te stel of om waarborge te lewer nie wat bydra tot 'n positiewe kontantvloei vir die produsent.

**Nadele**

- Die produsent is nie verskans teen prysskommelinge indien pryse in die graanmark daal nie.

## BASISKONTRAKTE

Deur gebruik te maak van hierdie kontrakopsie is die basis waarteen die finale prys van die produk op 'n latere stadium vasgestel gaan word, aan die produsent bekend.

**Voordele**

- Die basis waarteen die produk geprys word is bekend.
- Die produsent is 'n markdeelnemer sonder dat marges betaal moet word.
- Indien pryse styg sal die koper die kontrakprys teen dieselfde tempo as markpryse aanpas.
- Kontrakbestuur word deur die koper uitgevoer.
- Geen kapitaal word benodig om die kontrak op te stel of om waarborge te lewer nie wat bydra tot 'n positiewe kontantvloei vir die produsent.

**Nadele**

- Die produsent is nie verskans teen prysskommelinge indien pryse in die graanmark daal nie.

## VERHANDELING OP DIE SUID-AFRIKAANSE TERMYNMARK

Graan afgeleide instrumente kan op die Suid-Afrikaanse termynmark verhandel word.

**JSE standaard kontrak graan kommoditeite:**

| JSE KOMMODITEITE | KONTRAK EENHEID |
|---|---|
| **Wit mielies** | 100 ton |
| **Geel mielies** | 100 ton |
| **Koring** | 50 ton |
| **Sonneblom** | 50 ton |
| **Sojabone** | 50 ton |
| **Sorghum** | 30 ton |

Die verhandelings lessenaar van Gro-Capital bied kleinte (individue of ondernemings) 'n fasiliteit om prysrisiko van londboukommoditeite op die JSE Commodity Derivative Market (SAFEX) en Valutarisiko op die JSE Currency derivative Market (Yield -X) te verskans, deur van afgeleinde termynmark instrumente en opsies gebruik te maak transaksies.

**SAFEX- graan verhandelings voordele**

- Prysrisiko kan verminder word.
- Die mark is gebruikersvriendelik deurdat kontrakte beide aangekoop en verkoop kan word.
- Koste is bekend indien verhandelings plaasvind.
- Produsente is nie verplig om grane te lewer nie. Die posisie kan bestuur word en kontrakte kan vir 'n wins of verlies gekoop of verkoop word.
- Winste kan aangewend word om kontantverkope te verskans.

**Nadele van termynmarkte**

- 'n Marge moet inbetaal word by 'n klaringshuis voordat verhandeling kan plaasvind. Hierdie marge kan die kontantvloei van produsente benadeel.
- Standaard kontrakte.
- Die produsent sal gebruik maak van 'n makelaar om verhandelings uit te voer.
- Duidelike opdragte oor wanneer om kontrakte te verkoop of koop moet tussen die produsent en makelaar bestaan.

## OPSOMMING

Bemarking is 'n noodsaaklike faset van gewasproduksie. Om 'n volhoubare boerderyeenheid te ontwikkel is dit noodsaaklik om 'n bemarkings strategie saam te stel wat by elke boerdery aanpas. Verskeie meganismes bestaan om besluite te neem rakende die aanwending van bemarkinsinstrumente in 'n bemarkingsplan. Dit is egter noodsaaklik om akkurate markinligting te versamel en bemarkings besluite betyds te neem. Afgesien daarvan dat bemarking 'n bestuursaksie is wat 365 dae van die jaar aandag moet geniet is daar sekere kritieke groeiperiodes waartydens groter besluite geneem moet word.

# LIMPOPO PROVINSIE

## KONTAKNOMMERS EN GEBIEDE

### JAN POSTHUMUS
- 017 624 1202
- 082 496 0979

### HANNO FOURIE
- 017 624 1202
- 079 914 5592

**Areas:** Bethal, Harvard, Holmdene, Kinross, Platrand, Standerton, Trichardt, Val, Vogelsvallei

### JACQUES OOSTHUIZEN
- 017 624 1171
- 082 510 2810

**Areas:** Bethal, Bakenlaagte, Driefontein, Leslie, Vlakfontein

### NICO VAN DER MERWE
- 058 303 5757
- 079 948 1669

**Areas:** Bethlehem, Kaallaagte, Libertas, Marquard, Meets, Monte Video, Senekal, Slabberts

### PHILIP STRYDOM
- 058 303 5757
- 083 275 6194

**Areas:** Afrikaskop, Eeram, Harrismith, Kransfontein, VKB

### TABIE LOMBARD
- 056 515 4865
- 079 872 4233

**Areas:** Bothaville, Kroonstad

### LEON LOMBARD
- 011 063 2780
- 078 099 2935

**Areas:** Argent, Bronkhorstspruit, Devon, Dryden, Eloff, Hawerklip, Kaalfontein, Kendal, Ogies,

### JACO GROBLER
- 013 243 5734
- 082 439 7471

**Areas:** Arnot, Lydenburg, Marble Hall, Middelburg, Pan, Stoffberg, Wonderfontein

### DEWALD FOURIE
- 060 601 1934

**Areas:** Balfour, Bloekomspruit, Endicott, Glenroy, Goeiehoek, Greylingstad, Grootvlei, Leeuspruit, Nigel, Palmietfontein

### FRIKKIE BARNARD

- 078 099 2946

**Areas:** Western & Southern Cape

### ALBERT MYBURGH

- 076 282 7269

**Areas:** Bergville, Bloedrivier, Dannhauser, Dundee, Mizpah, Paulpietersburg, Vryheid, Winterton, Winterton bunker

### ANTON SIEMENS

- 017 624 1244
- 071 482 1780

**Areas:** Amersfoort, Bethal, Davel, Morgenzon, Maizefield, Trichardt, Brakfontein, TWK

### JOHAN VAN ROOYEN

- 017 811 6528
- 082 571 3614

**Areas:** Carolina, Estancia, Ermelo, Lothair, Overvaal

### HERMAN SMIT

- 082 926 2271

**Areas:** Crocodile River Scheme, Battery, Beestekraal, Brits, Northam, Pretoria-Wes

# LIMPOPO PROVINSIE

## ADDISIONELE KONTAKTE

### GEELMIELIES

**Gerhard Troskie**
- 011 063 2926
- 079 494 0752

### WITMIELIES

**Amal Ramkelawon**
- 011 063 2691
- 084 293 8725

### OLIESADE

**Francois Lendes**
- 011 063 2411
- 071 249 7006

## LIMPOPO - BEDRYFSPUNTE

### ALGEMENE BESTUURDER OPERASIONEEL

**Jan De Sousa**

- 082 374 1821

### STREEKSBESTUURDER

**Jaco Naude**

- 066 267 2232

**Northam Silo**
- 011 070 2420
- 071 587 2408

### STREEKSBESTUURDER

**Erik Duvenhage**

- 082 093 8754

**Marble Hall**
- 017 624 1023
- 083 387 4003

# WORLD-CLASS TECHNOLOGY **SECURE STORAGE**



